

Sondag 13 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 19:21-40

Fokusgedeelte: Handeling 19:26

Die Heilige Gees breek sy nuwe wêreld oop!

God se Woord en Gees breek nuwe wêrelde vir my en jou oop – juis binne uitdagende tye!

Efese was die as waarom die lewe in Paulus se tyd gedraai het! Efese was die sleutel tot ekonomiese voorspoed wat aan haar strategiese posisie op die handelsroete van die destydse wêreld toe te skryf was. Nog meer: As gevolg van die wêreldgodsdien van Artemis was sy 'n ekonomiese inspuiting vir so baie.

Geen wonder nie dat Artemis beskou is as die godin van vrugbaarheid in ekonomiese sin van die woord. En ook geen wonder nie dat hierdie stad bekendgestaan het as die Beskermer van Artemis! Sy het deur die silwersmidbedryf soveel geld in die ekonomie van Efese laat instroom. Silwersmede het aandenkings van die bekende Artemis-beeld asook van haar tempel vervaardig en dan ten duurste te koop aangebied.

Juis hier bring die Heilige Gees 'n rykdom wat nie deur mensehande gemaak kan word nie. God se Koninkryk. Terwyl Paulus en sy helpers die evangelie verkondig, breek die Heilige Gees en die Woord mense se harte oop. Die Gees maak mense van hierdie wêreld afvallig van hulle mensgemaakte afgode om God, wat nie deur mensehande gemaak en beheer word nie, te volg!

Mense verlaat die wisselvallige wêreld, wat gebou word op menslike planne en gierigheid, om deur die Heilige Gees en die Woord tot 'n lewende verhouding met Jesus Christus te lewe! So deurdring God se ewige Koninkryk menslike koninkryke en laat mense God se nuwe wêreld opsoek. Soek Hom ook nou op en laat jou deur Hom lei.

Sing: Skrifberyming 8-1:1

Ds. SFF van der Walt (Steve) (Kathu/Olifantshoek)